## Ons redding geskied alleen deur die kragtige werk van die Heilge Gees in ons lewens

**Lees: Handelinge 16: 6 – 40 Teks: Handelinge 16: 14b, 18b en 31**

Hoe werk die Here in die Kerk van vandag en in ons eie persoonlike lewens? Gebeur daar nog iets soos wonderwerke? Wanneer laas het jy 'n wonderwerk gesien?

Kom ons begin by wie jy is. Jy is 'n kind van die Here. God het jou verlos deur Jesus Christus. Dit was 'n wonderwerk! En as jy na die lewe rondom jou kyk en na jou eie lewe dan sal jy sien dat wonderwerke nog elke dag gebeur.

In Handelinge 16 wat ons gelees het is daar drie wonderwerke wat plaasvind. Paulus, Silas en Timotheus is in Troas, in Klein Asië. Daar wou Paulus na Asië toe gaan om te gaan preek, maar die Heilige Gees verhoed hom. In 'n droom is daar 'n man van Masedonië wat hom roep om soontoe te kom. Daarom gaan hulle na Europa toe en nie Asië nie.

Daar kom hulle in die dorpie Filippi. Hulle kry 'n groepie Godsdienstige mense wat bid langs die rivier. Onder hulle is 'n purperverkoopster met die naam Lydia. Sy kom tot bekering nadat Paulus hulle die Evangelie aan hierdie mense verkondig en sy en haar hele huisgesin word gedoop. Hierdie was die eerste wonderwerk daar in Filippi. Lydia het aangedring dat Paulus hulle by haar kon bly.

Wat baie interessant is, is die feit dat Lydia van Tiatire afkomstig is. Tiatire is geleë in Asië. So kan die Here vir Lydia gebruik om die Evangelie na Asië toe te neem.

Die tweede wonderwerk gebeur wanneer daar 'n vrou met 'n waarsêende gees al agter Paulus hulle aanloop en presies sê wie Paulus hulle is en wat hulle doen. Sy praat die waarheid. Maar dit is 'n gespottery van die Here. Die satan probeer om uit te maak dat hy net so magtig soos God is.

Paulus raak geirriteerd met die vrou en dryf die gees uit haar uit. Nou is sy vir haar eienaars nutteloos omdat sy op hierdie wyse vir hulle groot geld ingebring het. Weereens vind hier 'n wonderwerk plaas. Groter en kragtiger as die eerste een. 'n Bose gees word uit iemand uitgedryf.

Belangrik is dat die Almag van God geopenbaar word. Hy is in beheer van die satan, bose geeste en almal in hierdie wêreld. Die plan van satan is gestuit. Daarom probeer die satan op ander manier die verspreiding van die Evangelie stuit.

Dit bring ons by die derde wonderwerk. Omdat die eienaar van die slavin hulle inkomste verloor het word Paulus hulle ongehoord in die tronk gegooi. Daar word hulle in boeie

vasgemaak.  Hulle word gegesel en valse getuienis teen hulle ingebring.  Satan probeer hulle stilmaak.

As die tronkbewaarder in die middel van die nag gaan kyk, dan is hulle nie besig om te ween en rouklag nie.  Inteendeel hulle is besig om te sing en God te prys te midde van ongemaklike omstandighede.

Daar vind toe die derde wonderwerk plaas.  Daar is 'n aardbewing.  Die deure van die tronk gaan oop en die boeie val van die gevangenisse af.

Voordat die tronbewaarder homself doodmaak, stop Paulus hom en vertroos hom dat die gevangenis nie een ontsnap het nie.  Daar kom die tronkbewaarder tot bekering en word hy en sy hele huisgesin gedoop.

So het die Here kragtig in Filippi in verskeie mense se lewens gewerk.  Maar doen hy dit nog vandag?  Gaan kyk maar na jou eie lewe.  Hoeveel keer het onverklaarbare dinge al gebeur? Dinge waarvoor jy gebid het en waarvoor jy nie gebid het nie.  As die Here bereid was om jou Sy kind te maak, hoekom sal Hy jou los.  Hy is juis daar om jou te versorg, op te pas en te lei.  Hy doen dit deur Sy Heilige Gees wat in elkeen se lewe werk.

Jy kan maar gaan kyk dat die Here in die alledaagse dinge Sy wonderwerke uitvoer nie net in jou lewe nie, maar in die wêreld rondom jou.  Gaan kyk met geloofsoë na wat om jou aangaan. Sien raak die werk van die Here in jou lewe en dank God vir dit wat Hy vir jou doen.

**Ds. Neville Boy**
**8 Maart 2020**